# STRELITZIA NUUS

SUID AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE – STREEK STRELITZIA

Jaargang 12 | Uitgawe 4 | November 2011

**INHOUDSOPGAWE**

Uit die voorsitter se pen
Lede Nuus
Bestuur 2012
Redaksioneel
Kamp Program
Pitkos
Kampverslag-
Kaap St Francis
Kampverslag–
Geheime Kamp
Kampverslag–AJV
Kampverslag-Gamtoos
Seniorkamp
Lief & Leed
Verjaarsdae
Lawwe Hoekie
Lede Kommentaar
Foto's



## UIT DIE VOORSITTER SE PEN

Dagsê almal. Die jaar is nou al amper op sy einde en daar bly nog net twee streekkampe oor. Die ander dag het ons nog by Gamtoos Ferry gekamp en nou lê die vakansie voor die deur. Gelukkig het die skoliere so tussen-in blaaskans en kon hulle uitrus vir die "groot" eksamen. Alle voorspoed aan die skoliere en studente.

Sover het dit redelik goed die jaar gegaan en het ons `n redelike getal kampe bygewoon. Die koue het `n paar van ons tussen die warm mure en kaggelvure vasgehou, maar ons hoop die warmer weer gaan nou weer sorg dat ons getalle vermeerder.

Ons en Ben-hulle het ook geleentheid gehad om Klein Karoo se jaarvergadering by Hartenbos by te woon. Dit was weer lekker om al die ander gesigte te sien. Dit was voorwaar 'n lekker naweek en al die verrigtinge het vlot verloop. Ek praat nie eers van die etery nie, want waar SAWA bymekaar

is, word behoorlik vir die maag gesorg. Natuurlik het ons weer voor die tyd vertrek en n dag of wat na die tyd huiswaarts gekeer, want om so `n afstand sonder rus af te lê, kan `n man bietjie moeg maak.

Tydens ons eie AJV het die lede ook verskeie toekennings ontvang. Ons vrou van die jaar is Marlene Barnard, Chris de Wet is die man van die jaar en die Moore gesin is gesin van die jaar. Veels geluk aan almal. Julle verdien dit.

Die afgelope tyd het Denzil en Fransie hul woonwa verloor, want n verlore sleepwa wiel het amper regdeur tot op die bed gehardloop. Gelukkig was daar nie beserings nie en kon hulle weer `n ander wa bekom om hul vertraagde rit voort te sit. Hulle is tans ver van die huis af, maar gaan wel die Kongres bywoon. Dup en Retha het ook hul woonwa in ontvangs geneem en is baie tevrede daarmee. Ek hoop hulle toets dit by die volgende kamp uit.

Die operasies het ook nie agterweë gebly nie.

- Tannie Janetta het ook onder die mes deurgeloop. Gelukkig was dit `n sukses en sterk sy baie goed aan. Oom Kempie spring heen en weer om alles in orde te hou en hy is gewoonlik moeg na `n dag se werk.

- Simon het ook onder die mes deurgeloop, maar sterk goed aan. Ina sorg dat die smeermiddels stiptelik op die gesig gesmeer word. Hulle het wel by Gamtoos Ferry gekamp.

- Chris sterk ook goed aan en keer net vir die gewig, want toe hy siek was het hy nie veel kos ingeneem nie. Ek glo sy regmatige deel kom nou net terug. Maxie sukkel met die knie, maar ons glo daar sal binnekort verligting wees.

- Elmo het ook `n klein operasie gehad, maar hy is perdfris en reg om te kamp. Dit gaan redelik goed met Susan se vel.

- Tannie Marie en Oom Bertie is nog op die been en sal binnekort weer by die kamp wees.

- Reinette was ook vir `n operasie en was al weer by die werk, maar sy is nog nie heeltemal reg nie. Ons glo sy sal met die tyd volkome herstel.

- Madelein het ook 'n operasie ondergaan, maar dit gaan goed met haar.

- Dit gaan ook deesdae goed met Maryna en ons hoop sy bly gesond.

- Marius Ferreira het sy broer aan die dood afgestaan. Ons harte gaan uit na hulle en bid hul alle sterkte toe.

Verder gaan dit goed met die ander Sawanante.

Strelitzia se jongmense en kinders raak meer. Daar is `n nuweling by Steve en Ischké oppad en ons hoop alles gaan goed verloop. Tydens die laaste kamp was Lourens en Riemke ingehuldig as volwaardige Sawanante met klein Annabelle aan hul sy. Leon en Loretta du Toit met hul kinders sowel as Jaco en Annemarie Barnard en hul dogters wie by ons AJV aangesluit het, is volgende. Laaste, maar nie die die minste nie, kom George en Tilla Didloff en hul dogter Kyla, ook aan die beurt. Ons hoop almal dat hulle SAWA gaan geniet en lekker gaan kamp.

Die mini-gebied, Kerskamp en 100 plus is volgende op ons kerfstok en ek hoop alles verloop volgens plan.

Ons en Ben-hulle gaan die Kongres te Rustenburg bywoon as alles goed verloop. Ons beplan om voor die tyd te vertrek, sodat ons uitrus na die lang rit, want ons beplan nie om oor te slaap nie. Hierdie jaar gaan die grense bespreek word en ons sal met ons terugkeer weet of Kaap Middellande deel van Suid gaan wees of nie. Hoe dit ook al sy, ons hoop alles gebeur ten goede en dat almal nog lekker saam gaan kamp.

Groete tot volgende keer.

Kobus

**LEDE NUUS**

**Aantal lede:** 31

**Bedankings:** 1

Tom en Bertha van der Merwe

**Nuwe lede:** 2

Barry en Daleen Jackson en

Lourens en Riemke Anker

**Oorgeplaas:** 0

**Ledetotaal** soos op 30 Junie 2011: 31

## STRELITZIA BESTUUR

**Voorsitter**
Kobus Bouwer
Vreeswijkstraat 7, Despatch
Huis: 041 9332128
Sel: 082 9665951
Epos: kobusenbrenda@gmail.com

**Ondervoorsitter**
Ben Barnard
Aliwalstraat 19, Port Elizabeth
Huis: 041 3604669
Werk: 041 3608500
Sel: 073 4564001
Faks: 041 3608558
Epos: admin@sasolcaperoad.co.za

**Sekretaresse**
Christelle Deyzel
Swanepoelstraat 7, Despatch
Huis: 041 9335629
Werk: 041 9335135
Sel: 084 5870458
Faks: 041 9332767
Epos: christelle.deyzel@gmail.com

**Penningmeester**
Marlene Barnard
Jamesonsirkel 12, Uitenhage
Huis: 041 9661622
Werk: 041 9926584
Sel: 083 2825861
Faks: 041 9661622
Epos: jc.barnard@telkomsa.net

**Voorraad Beampte**
Brenda Bouwer
Vreeswijkstraat 7, Despatch
Huis: 041 9332128
Sel: 072 5723207
Epos: kobusenbrenda@gmail.com

**Skakelbeampte**
Steve Lambrechts
Du Plessis str 25, Despatch
Huis: 041 9336685
Werk: 041 9336685
Sel : 072 7460625
Epos: advancedcooling@gmail.com

**Jeugverteenwoordiger**
Anneke Moore
Edwinsingel 26, Scheepershoogte
Uitenhage
Sel: 072 8850734
Faks: 041 5857261
E-pos: anneke@ddpvaluers.co.za

**Seniorburger Verteenwoordiger**
Kobus Bouwer
Vreeswijkstraat 7, Manor Heights
Despatch
Huis: 041 9332128
Sel: 082 9665951
E-pos: kobusenbrenda@gmail.com

**SKYN U LIG OP DIE PAD WAT U VIR MY BEPAAL HET, WANT EK WEET MY HELE LEWE IS IN U HAND.**




## REDAKSIONEEL

Ons het weereens gekom aan die einde van nog `n jaar. Gedurende hierdie jaar was daar seker teleurstellings, maar ek glo ook baie waarvoor ons dankbaar kon wees.

Aan die wat hierdie jaar gesondheidsprobleme ondervind het wens ek alle sterkte toe vir die nuwe jaar en hoop julle sal geseëend wees met gesondheid.

Baie dankie aan die van julle wat n grappie of ander leesstof aangestuur het om in die boekie te sit.

Jammer dat hierdie uitgawe so laat verskyn, maar werksomstandighede, soos die jaar end state wat ingedien moes word, asook die vakansie het bygedra dat dit nou eers uitgegee word. Ek hoop julle wat self in `n besigheid staan sal verstaan dat jou eie belange eerste kom.

Ek het Kobus en Brenda meegedeel dat ek nie voortaan die boek sal kan doen nie. Julle sal verwittig word wie die nuwe redakteur sal wees.

Ek en my gesin wens julle alle sterkte en voorspoed vir die nuwe jaar toe en hoop dat julle drome waar sal word gedurende die jaar. Mag julle Jesus se liefde en genade gedurende 2012 intens ervaar en dit met ander deel en so ook `n getuie vir Hom wees.

Baie dankie vir julle vriendelikheid gedurende die afgelope jare, dit word nie misgekyk nie.

Kampgroete

Amanda

**KAMPPROGRAM 2012**

| Datum | Maand | Oord |
|---|---|---|
| 20-22 | Januarie | Van Stadens |
| 17-19 | Februarie | Jeffreysbaai |
| 16-18 | Maart | Willows |
| 27-29 | April | Keurbooms Gebied |
| 25-27 | Mei | Homestead Addo SB |
| 15-17 | Junie | Sitrus Oewer |
| 20-22 | Julie | Gamtoos Ferry |
| 10-12 | Augustus | Van Stadens AJV |
| 7-9 | September | Cape St Francis |
| 19-21 | Oktober | Van Stadens Mini-gebied |
| 9-11 | November | Winston Addo SB |

## PITKOS

Leer ken jouself

**JY MOET WEERGEBORE WORD.**

Lees Johannes 3:1 - 21

*Daarop sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek jou; as iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" ( v. 3 )*

**W**anneer God die eerste mens skep, skep Hy daardie mens na sy beeld. Dit was God se bedoeling dat die mens soos Hy moes wees, dat die mens in `n intiem-persoonlike verhouding met sy Skepper moes staan. Ongelukkig kies die mens vir die sonde en teen God.

Wanneer die sonde die wêreld binnekom, word God se beeld in die mens vertroebel, van nou af word elke mens in sonde ontvang en gebore.

Met Jesus se koms na die wêreld kry elke sondaarmens egter nog `n kans. God wil jou in Jesus herskep. Hy wil jou oormaak sodat jy weer die mens kan wees wat Hy bedoel het dat jy moes wees. `n Paradysmens wat in volkome harmonie met God leef. `n Ambassadeur van God, sy verteenwoordiger in die wêreld.


God wil jou verander en hierdie "verandering" wat Hy in jou lewe wil teweegbring word die wedergeboorte genoem.

Net soos ons nie beheer het oor ons fisieke geboorte nie, het ons ook nie beheer oor die wedergeboorte nie. Dit is iets wat God ons uit genade gee. Elke mens wat Jesus as die Here van sy lewe erken, word geestelik weer gebore en ontvang `n nuwe lewe van God. Dit is die werk van die Heilige Gees om ons so te verander. Die Heilige Gees wys vir ons watter dinge verkeerd is in ons lewe, en Hy gee ons ook die krag om daardie dinge te laat staan en te lewe soos Sy kinders van God. Dit beteken dat ons van nou af deel van God se gesin uitmaak, en dat ons gesindhede, motiewe en begeertes radikaal sal verander. Voortaan lewe ons nie meer vir onsself nie, maar vir God.

Is jy gewillig om jou lewe onder beheer van God se Gees te stel, sodat Hy jou kan nuutmaak?

Heilige Gees, ek wil graag hê dat U my sal nuutmaak, sodat ek so sal verander dat ek daagliks meer en meer soos Jesus sal word. Amen

**Sonde het die beeld van God in die mens kom vertroebel, maar deur die wedergeboorte wil die Heilige Gees jou kom oormaak soos God bedoel het dat jy moet wees.**



**KAMPVERSLAG KAAP ST FRANCIS**

**16 – 19 JUNIE 2011**

Op Donderdagoggend het ons vroeg na Kaap St Francis vertrek. Die ander lede het so geleidelik gearriveer. Almal het gehelp om Christelle se tent op te slaan, want Martin het net die woonwa geparkeer en moes weer gaan werk. Sommige lede kon eers van Vrydag af by ons aansluit en uiteindelik was ons 9 woonwaens wat die naweek saam gekuier het.

Donderdagaand het ons boekevat by ons gehou. Daarna het slegs ons, Kobus, Brenda, Christelle en Steve-hulle agtergebly aangesien die res weer die Vrydag moes werk. Ons het vroegaand lekker saam gebraai. Na 'n heerlike dag het die wind ons die nag erg gekarnuffel. Gelukkig was daar nie ernstige skade nie.

Vrydag het almal rustig verkeer. Ek en Laura het bietjie gaan kyk hoe lyk die stormskade by Oesterbaai. Met ons terugkeer het die res van die lede ook gearriveer. Vrydagaand het Anneke die boekevat gehou by hulle woonwa. Almal het gesellig verkeer by die vuur en heerlike slaaie is voorgesit waaraan almal kon smul.

Die Saterdag het almal bietjie die dorp gaan verken. Die middag het almal vir hul onderskeie Super 15 rugbyspanne ondersteun en daar was maar redelike verdeeldheid onder die mense. Boekevat is by ons woonwa gehou waarna daar weer lekker gekuier is. Ben en Ann het 'n kleinkind ryker geword en het gaan besoek aflê om te kyk hoe lyk die kleinding wat die ooievaar gebring het.

Sondagoggend het Laura en Anneke 'n sangdiens met 'n kort boodskap waargeneem. Elke gesin het 'n tasbare item gekry om hulle te herinner aan die boodskap. Daarna is al die Pappas asook die "Father to be" 'n gelukkige Vadersdag toegewens en elkeen het 'n heerlike sjokolade gekry. Kobus het die nuwe lede wat aangesluit het, Barry en Riemke ingelyf en welkom geheet. Nadat almal gesmul het aan die lekkernye saam met die tee het almal opgepak en huiswaarts gekeer.

Baie dankie aan Anneke en Marcelle wat saam met ons die kampkommandante was.

Dit was 'n heerlike ontspanne naweek.

Nico en Laura

***********

**HELP MY OM ALTYD OP , DIE LIG VAN DIE WêRELD, TE VERTROU OM MY DEUR ENIGE DONKER TE LEI.**

************

**GEHEIME KAMP**

**15 – 17 Julie 2011**

Die afgelope naweek was die meeste van ons gelukkig om 'n nuwe oord op ons kerfstok te kon plaas. Ons het Homestead op Addo ontdek en besluit om daarheen te gaan. Dit het natuurlik heelwat vooruitbeplanning geverg en 'n hele paar kilometers moes afgelê word voordat die aanwysings gereed gemaak kon word. Die oord beskik oor vyftien staanplekke en as die nood sou druk, sou daar seker veel meer mak skape in die kraal kon kom.

Vrydagoggend was ek en Brenda al vroeg daar om toe te sien dat alles in orde is voordat die

lede opdaag. Oppad het ons reeds 'n oproep ontvang waarin ons 'n lekker warm ontbyt belowe is wat al amper gereed was. Met ons aankoms was dit steeds nat gedou en die gesnyde gras het onder ons skoene aangepak waarna ons besluit het om alles net so te laat en by Lenmore, oppad na die olifantpark, ontbyt te gaan eet. Van die beloofde ontbyt was daar geen sprake nie en die kokke was ook weg. Ek noem nie name nie.

So het die een na die ander opgedaag en 'n geskikte staanplek uitgesoek. Teen die aand was almal daar en kon ons met tien woonwaens spog. Daar was ook baie kommentaar aangaande die aanwysings en kon ons lekker lag daaroor. Een gesin het na bewering drie ure gereis om die plek te vind. Ek dink hulle het hul eie pad gery. 'n Ander was moeg gelees en het iets te drinke gesoek, want die pakkie was nogal dik om te lees. Een gesin het 'n ander roete, wat nie op die aanwysings was gevolg, maar uiteindelik ook hul bestemming bereik. Met aankoms was daar geen kommentaar gelewer oor wie die skuldige of skuldiges was, wie die voertuigbestuurder mislei het nie. Na al die gespot en gelag het dit tyd geword om ernstig te raak waarna Brenda boekevat gehou het. Inbetaling was gedoen en daarna het die vure gebrand. Die innerlike was versterk en so het elkeen later 'n warm plekkie gaan soek.

Saterdagoggend was dit lekker koel, maar na 'n warm stort was dit baie beter. Die son het warm geskyn en almal het uitgesien na 'n lekker dag. Boekevat was die oggend gehou, want daar was ander verrigtinge in die omgewing wat deur ons lede besoek sou word. So het ons besluit om by Lenmore ontbyt te gaan nuttig, sodat die gereelde makers daarvan ook kon gaan aansit om bedien te word. Met versadigde mae en 'n tevrede verskaffer wat sommer gou-gou een en twintig ontbyte verkoop het, is ons weer terug kamp toe terwyl 'n enkele 'n ander draai gery het. Later die middag het ons weer na Lenmore vertrek, want lede van die Boeremusiekgulde het daar musiek in diie tuin gemaak. Dit was ook gerieflik om by die spesifieke plek aan te doen, want daar word bykans enige iets wat voedsel betref, te koop aangebied. Ons het later na Homestead vertrek waar die vure aangesteek en weer rustig verkeer is.

Sondagoggend was almal weer uit die vere na 'n goeie nagrus en vol krag vir die dag. Ons het weer oudergewoonte erediens gehou waarna aansporingsplaatjies oorhandig is. Simon en Ina het al 140 streekkampe bygewoon en Denzil en Fransie, 240. Gelukkig was die jong Sawanante teenwoordig en kon hulle sien hoe dit gedoen word. Die "verklikkers" se handewerk het aan die beurt gekom en so kon hulle waarneem hoe hul "slagoffers" vir elke oortreding 'n twee randjie moes hoes. Na al die gelag en nuuskierigheid om te verneem waarvoor betaal moes word, het slim sy baas gevang en moes sekere lede wie die vorige middag almal se stoele deurmekaar onder ander se woonwaens gelaat het, ook hul twee rande in die hongerige varkie se maag plaas. Hulle was so slim en het selfs hul eie stoele en ander artikels ook deurmekaar gelaat.

Al die gelag was agter die rug en teetyd het aangebreek. Die tafels en skinkborde was gelaai met soet en sout. Dit het amper soos 'n mini bazaar gelyk. Boonop het Denzil en Fransie ook hul huweliksherdenking gevier en kon ons die oggend op 'n hoë noot afsluit.

Na 'n ruk het die vure weer opgevlam. 'n Mens sou nie sê dat daar nie lank gelede 'n hele paar versnaperings verorber was nie. 'n

Laat middagete was deur almal geniet en met liggame wat nie baie lus was om op te pak nie, moes ons maar noodgedwonge klaar kry. So het die eerste drie juniors vertrek en daarna het die seniors drupsgewys die oord verlaat. Dit was voorwaar 'n lekker naweek en almal was so beïndruk met die oord dat ons besluit het om weer daar 'n draai te gaan maak.

Groete tot volgende keer.

KOBUS EN BRENDA

*Vader, help my om u stem te hoor wat my lei waar ek moet gaan.*

## KAMPVERSLAG : A J V
## AUGUSTUS 2011

Die AJV is iets van die verlede en die nuwe Sawajaar het so pas volstoom begin. Gedurende vermelde naweek het Seemeeu `n senior saamtrek gehad en met ons aankoms die Donderdag, was daar `n handjievol woonwaens by Van Stadens. Ons het plek naby die saal gekry en begin kamp opslaan. So het nog `n paar waens hul opwagting gemaak. Die aand het ons `n vuurtjie gemaak, rustig verkeer en `n vleisie gebraai. Ons Nasionale Penningmeester, Fanie Jordaan en sy eggenote, Bertha, het kom kuier.

Vrydag was dit koud en die water het geval. So tussendeur het die lede opgedaag en almal moes maar skuiling soek en kamp opslaan. Gelukkig was die saal beskikbaar en kon ons daar gaan sit en gesels. Lede van Klein-Karoo het ook kom kuier en was die saal net die regte plek om `n paar woorde te wissel en iets warm te drink. Die aand was dit lekker koud en het ons hamburgers in die saal gemaak sodat al die gaste ook die innerlike kon versterk. Boekevat was elke keer in die saal gehou en dit het goed gepas met die gure weer.

Saterdag was die groot dag. Almal het die oggend by die saal byeengekom waar die Gebied sy vergadering gehou het en Fanie Jordaan ook geleentheid gehad het om die vergadering toe te spreek aangaande die voorgestelde grenslyne en ook vrae vanaf die vloer beantwoord het. Sommige lede verkies dat alles bly soos dit is en ander wil net kamp. Die saak sal egter verder by die Kongres bespreek word. Die tyd het aangebreek dat Oos Kaap hul vergadering in die saal hou en ons sou daarna saal toe gaan, maar buite het die son lekker begin skyn dat die lede sommer ingestem het dat ons by die woonwa kon vergader. So het ons die nodige gedoen en saam met die ander streke klaargekry.

Die dag was lekker sonnig en terwyl sekere lede in die saal kon rugby kyk, het die dames bont gestaan om die aand se voedsel voor te berei. Eiers moes gekook en ander vingerlekker eetgoedjies moes gemaak word. Die tafels was op hul plekke geplaas en so ook die stoele. Later het dit soos 'n miernes gelyk toe almal besig was om al die eetgoed op die tafels te pak vir die aand se verrigtinge.

Die tyd het aangebreek en die lede was almal in die saal waarna boekevat gehou is. Die nodige toesprake was gehou en trofees was aan die kandidate oorhandig deur elke streek. Na afhandeling van al die formaliteite kon die innerlike versterk word en was daar baie lekker eetgoed. Te veel om op te noem. Die persoon wie nie genoeg kon eet nie, is self te blameer. Soos gewoonlik was Johan en Sandra met hul musiekfabriek ook daar en kon almal hul litte losmaak. So het die meeste lede gekuier en later koers gekies. Dit was lekker koud langs die see en die warm komberse het hul ding gedoen.

Sondagoggend het Ds Ben Fourie van die Byelgenootskap die kerkdiens waargeneem soos hy dit al vir die afgelope paar jaar doen. Elke streek kry dan geleentheid om hul bydrae vir Bybelverspreiding te doen. Daarna was dit tyd vir tee en glo my, daar was nog tonne van die vorige aand se eetgoed sodat almal genoeg kon kry. So het sekere lede opgepak om ander verpligtinge van die komende week af te handel terwyl ander gelukkig was om Dinsdag eers te kon vertrek.

Nogmaals baie dankie aan al die hande wat saamgespan het om die voorbereiding te doen sodat die naweek suksesvol kon verloop. Veels geluk aan al ons ontvangers van toekennings. Julle verdien dit!

Laastens, die goeie nuus. Ons was gelukkig om nog drie nuwe lede tydens die naweek in te skryf. Ons hoop die Didloffs, Barnards – hulle raak nou baie – en die Du Toits, gaan lekker inskakel en saam kamp.

Groete

Kobus en Brenda

## U teenwoordigheid en genade is my troos en my lig.

### GAMTOOS FERRY KAMP
### 23 – 25 SEPTEMBER 2011

Dit was 'n naweek van bedrywighede op Gamtoos en omgewing! Groot was die belangstelling, want dit was mos die Gam1000 asook die Naartjiefees.

Ook die Sawanante was weer lus vir kamp. Uit die 18 staanplekke wat ons vooruit moes bespreek, is daar 16 staanplekke gevul.

Vrydag met ons aankoms, het daar alreeds 'n hele paar senior burgers heerlik gesit en koffie drink en al vergeet dat hulle ook soos ons nou opgeslaan het. So stuk-stuk het almal aangekom. Die weer was ongelukkig nie so lekker nie en gou het Gert en Melinda planne gemaak dat ons boekevat onder hul groot gazibo's kon hou. Tydens die inbetaling van kampgelde na die boekevat, het Ann 'n koek uitgeloot as bydrae tot die fondsinsameling. Afgesien van die weer, het almal in groepies aandete gemaak.

Saterdag was Erfnisdag en o ja, nasionale braaidag. Net om doodseker te maak dat almal kon vuurmaak op hierdie spesiale dag, het ek en Melinda vir elke gesin wat gekamp het toegerus met 'n dosie vuurhoutjies met 'n magneet aan vir die yskas asook 'n spesiale resep van Gert se ma vir sosatiesous. Die wind het van vroeg oggend begin waai en almal het hulle maar die res van die dag in hul karavane besig gehou. Nou en dan het daar 'n gejuig van die vissermanne gekom, maar niemand kon die rekord van Vrydag se groot vis klop nie. Die gejuig en minder sukses het beslis nie vir Maxie en Ina afgesit nie. Die twee het heeldag gesit en kragte meet met die een of ander bordspel. Gelukkig was daar geen kwaai vriendskap indien een wen of verloor nie, want so nou en dan se slukkie van die beloning wat onder die tafel gestaan het, het die vrede gehou.

Party het alreeds vir middagete gebraai en die res vir aandete. Maak nie saak wanneer gebraai is en hoe onplesierig die wind was nie, maar ek kan julle verseker Strelitziatak het gebraai. Melinda het die dag afgesluit met boekevat. Daarna is die gelukkige nommer vir die koek deur een van die jeuglede, Lynique getrek en niemand anders as ons eie voorsitter, Kobus was die gelukkige wenner nie! Baie geluk, weet julle het lekker geëet.

Die weer was Sondag 'n teenstelling met die res van die naweek, 'n regte diep in die hartjie van die somer dag. Lanklaas so warm gekry.

Ons boekevat is Sondagoggend in die vorm van 'n sangdiens gehou, die tema "Tyd vir mekaar soos Jesus tyd vir ons gemaak het". Die afgelope jaar en 'n half was ons ook geseënd met 'n hele paar nuwe lede met kinders. Ons jeugverteenwoordiger, Anneke, het ook baie gepas voor die sangdiens, die kinders bymekaar gekry en hulle as groepie met dieselfde tema as die sangdiens onderrig.

Die gewone tee drink na die diens was bietjie anders. Aangesien ons besig is met fondsinsameling vir die 100 plus aanstaande jaar, het ons vooraf besluit om die Saterdag pannekoek te verkoop.

Tot ons groot skok het ons 'n paar dae voor die kampnaweek besef dat die Gam1000 en Naartjiefees ons beplande fondsinsameling lelik in die wiele gaan ry. Die bestuur het toe besluit om die bestellings met betalings reeds die Vrydagaand met inbetaling te neem en dan Sondag vir tee die bestellings van die

reeds betaalde pannekoeke te bak en aan die mense voor te sit. Baie dankie aan almal se bydrae tot die bestanddele asook die hulp met die bak daarvan. Ons het beoog om net een emmer beslag aan te maak, maar die aanvraag was so groot dat ons toe nog 'n keer moes aanmaak. Een ding moet ek sê: "Strelitzialede is nie skaam of huiwerig om hul hande diep in hul sakke te steek en by te dra nie". Dis nou samewerking en spangees.

Ook was ons bevoorreg om later die middag 'n besoek van Daan en Cecile van die Gebied te ontvang vir wie ons dan ook pannekoek kon voorsit.

As gevolg van die hitte was daar maar min braaivleisvure vir middagete. Party het sommer net na die pannekoeketery opgepak en vertrek. Ander is net na middagete weg en natuurlik was daar die bitter einders wat seker eers net voor aandete veilig tuis gekom het.

Baie dankie aan almal wat die kampnaweek bygewoon het en ten spyte van die weer end uit gesorg het vir 'n aangename en lekker atmosfeer. Spesiale dank aan Gert, Melinda en Armand vir al hul hulp, ywer, harde werk en mooi gesindheid saam met my en Jan as Kampkommandante.

Ons waardeer dit baie!

Tot volgende keer!

SAWA Strelitzia groete.

Jan & Marlene


## SENIORKAMP : NOVEMBER 2011 : ADDO

Hierdie jaar het die seniorkamp die kerskamp voorafgegaan. Donderdagmiddag was daar ses waens en al die lede het lekker gesellig rondom 'n koppie koffie of tee verkeer. Kopstukke was gesels en nuus van heinde en ver gedeel. Die aand het Chris "dooshoender" oor die kole gaargemaak. Die term het vir my vreemd geklink, maar toe sien ek daar was twee brandewyndose wat met foelie uitgevoer was gebruik om bo-oor heel hoenders wat met 'n lekker sous gesmeer is, te plaas. Dit was so op die kole geplaas en daar moes gereeld weer sous oor die hoenders gesmeer word namate dit gaar geword het. Die dames het ook saamgespan en in 'n japtrap het ons almal onder die afdak heerlik aan die lekker kos gesmul. Dit was heerlik om so in 'n groep saam te eet. Met gevulde mae en oë wat nie meer wou oop bly nie, het almal skottelgoed gewas en 'n bed gaan soek.

Vrydagoggend het ons by Lenmore ontbyt gaan eet en weer lekker saam gekuier. Dit is 'n eetplek nie ver van die kampplek waar lekker eetgoed en gebak gekoop kan word. Van die lede het hul eie koers gekies en ander is weer terug kamp toe. Die middag het ons weer gesellig rondom drinkgoed en 'n soet eetdingetjie verkeer toe die res van die lede begin instroom. So was die seniors se jaar ook saam afgesluit. Hier en daar het ons hand bygesit om die tente staan te maak. Die aand het begin onderleiding van ons jong lede wat met boekevat begin het. Die jonges het die hele naweek beheer en die veterane kon terugsit en alles geniet.

Groete tot volgende keer.

Kobus



## LIEF & LEED

### LIEF

Baie geluk aan Steve en Ischke met die 2de kleinding wat oppad is.

Marcel het nuwe werk gekry. Baie geluk en sterkte met die nuwe uitdaging.

Baie geluk aan Anneke en Marcel met die swangerskap.

Baie geluk aan Danilo en Michael met hulle voorstelling en doop.

Bertie en Marie se kleindogter het baie goed gevaar met gimnastiek.

Denzil en Fransie het 25 jaar toekenning ontvang. Nasionale meriete.

Ben en Ann het ook 'n Nasionale meriete ontvang.

Strelitzia het die hoogste % groei getoon in die jaar.

## LEED

Tannie Janetta is by die huis en sterk goed aan.

Chris was weer by die spesialis en dit gaan baie beter.

Simon het operasie op vel gehad, maar dit gaan goed.

Tannie Janetta het operasie ondergaan.

Chris is tans op chemo behandeling, gaan goed onder omstandighede.

Denzil het sy woonwa afgeskryf, maar weer 'n nuwe een aangeskaf.

Reinette het ook in September 'n operasie ondergaan en dit gaan weer baie goed met haar.

Maruis Ferreira se broer, Kiewiet is oorlede.

Sterkte ook aan Brenda wat gedurende die Kersseisoen haar enkel gebreek het en hul vakansie moes kort knip. Ons hoop jy is gou weer op altwee bene.

*************

## VERJAARSDAE

### Januarie

03 Annabelle Anker

03 Alexa Barnard

04 Flippie De Jager

10 Vinita Gouws

11 Tilla Didloff

12 Jacques Du Plooy

13 Nico Meyer Snr

20 Danilo Fourie

27 Mauritz De Vries

28 Erich Deysel

31 Chris De Wet

### Februarie

01 Maruis Nortier

07 Anneke Moore

12 Gert Du Plessis

13 Annemarie Barnard

29 Erich De Jager

### Maart

01 Tiaan du Toit

06 Marcel Moore

07 Jaco Barnard

12 Ina Mattheus

13 Janetta Scholtz

15 Marie Botha

24 Anneri Ferreira

27 Christelle Deyzel

27 Kobus Bouwer

28 Cameron Jackson

31 Michael Deyzel

## April

01 Linique Deyzel

04 Sonnet Nortier

05 Annemarie Du Plooy

06 Inge Meyer

11 Riaan Venter

16 Lerika Venter

16 Kobie Du Plooy

19 Martin Deyzel

23 Elmo De Jager

27 Basie Mallinson

27 Stefanie Lambrechts

## Mei

06 Johan De Jager

15 Pieter Barlow

15 Brenda Bouwer

15 Adel Labuscagne

## Junie

05 Layla Barnard

09 Petro De Jager

09 Desiree Deyzel

14 Marius Ferreira

26 Ben Barnard

29 Lottie De Vries

## Julie

02 Leon Du Toit

07 Susan Minnie

10 Daleen Jackson

11 Madelein De Jager

## Augustus

03 Melinda Labuscagne

04 Reinett Mallinson

05 Deon Gouws

07 Belinda Barlow

11 Barry Jackson

20 Monique Barlow

28 Yolande Van Rooyen

30 Riemke Anker

## September

02 Ignus en Simone Barlow

06 Martie De Vries

09 Bertie Botha

12 Leon Deyzel

15 Maxie De Wet

23 Kemp Scholtz

23 Retha Du Plessis

25 Nico Meyer Jnr

25 Eugene Van Rooyen

27 Armand Labuscagne

29 Franco Du Toit

## Oktober

01 Amanda Fourie

04 George Didloff

06 Fransie Strydom

11 Simon Mattheus

22 Marlene Barnard

23 Ischke Lambrechts

28 Jancke Du Toit

## November

07 Jan Barnard

09 Lourens Anker

## Desember

01 Denzil Strydom

03 Bonito Fourie

03 Gert Labuscagne

06 Kayla Didloff

07 Maryna Ferreira

09 Elmo Minnie

17 Steve Lambrechts

22 Loretta Du Toit

&&&&&&&



## Lawwe Hoekie

### Kat vol

Piet haat sy vrou se kat en besluit op 'n dag om ontslae te raak van die kat.

Hy vat die kat, ry so 2 km en smyt die kat uit die kar, maar toe hy by die huis kom wag die kat vir hom.

Weer laai hy die kat, ry so 5 km en smyt hom uit. Kom by die huis en hier wag die kat weer vir hom.

Hy laai weer die kat en ry 'n hele ent, dan links en regs dan sommer 'n ent terug en nog verder vir kilometers en gooi uiteindelik die kat weer uit.

Hy begin terug ry, hou later stil, bel sy vrou en vra of die kat by die huis is. Ja antwoord sy, Hoekom vra jy?

Hy antwoord: "Gee die foon vir die verduiwelse kat. Ek het in my duiwel in verdwaal!

Ann Barnard

@@@@@@@@@

**OUBAAS**

Ou Sara het 40 jaar op die plaas vir die oom en tannie gewerk toe hulle besluit om haar saam te vat stad toe.

Dis die eerste keer dat sy enigsins beskawing sien en loop met 'n oop mond haarself en verkyk aan alles, terwyl die oom in die bank is.

Kort, kort vra sy die tannie, "Mies nou wat is dit die?"

Tannie: "Sara, dit is 'n Robot. Jy wag tot die mannetjie groen word dan loop jy oor die straat...."en so verduidelik sy maar vir Sara wat is wat.

Sara sien 'n prossie besig om te operate op die straat hoek en vra:'Mies? Nou daai ousie? Wat maak sy dan? Kyk die bietjie klere?"

Tannie:"Sara, dis 'n prostituut. Sy slaap saam met die mans en dan gee hulle haar geld daar voor.

"Sara..."   Eish!!!! En die oubaas hy gee net die laamoen!......

Ann Barnard

***************

## LEDE KOMMENTAAR OOR KERSKAMP

"n Spesiale dank aan ons puik jong kampkommandante. Julle was "super."

Die saal was so mooi en het "n pragtige en rustige atmosfeer geskep. Die kos was uitstekend. Nogmaals baie dankie.

"n Rustige en Geseënde Kersfees aan al die Strelitzia lede en hulle gesinne.

Mag Jesus met julle wees.

Mooi wense.

Simon en Ina

$$$$$$$$$$$$$$$$

Groot waardering vir die reëling van die naweek.

Dit was baie lekker. Seënwense vir die Kerstyd. Hoop ons kamp almal weer in Januarie 2012.

Sawa groete.

Chris & Maxie

^^^^^^^^^^^

**BAIE DANKIE AAN ONS JONGMENSE VIR AL DIE LEKKER VAN DIE NAWEEK. JULLE WAS TOPS!**

KERS- EN NUWEJAARS GROETE AAN ALMAL -

STRYDOMS

§§§§§§§§§§§§

Wie kan so „n saamtrek van woonwaens soos hierdie een misloop. Laat dit "n regte Christusfees wees en laat Hy jou Leidsman vir 2012 en verder wees.

Bertie en Marie

@@@@@@@@

Ons geniet die kampery vreeslik – ons is dankbaar dat ons dit vir ons kinders kan bied – ons simpatie aan almal wat droefheid ervaar deur die feesgety maar ten spyte daarvan – Mag dit wel "n Geseënde Kersgety vir almal wees

Riemke Lauren &

Annabelle

**GESEËNDE KERSFEES, VOORSPOEDIGE NUWE JAAR.**

**DANKIE VIR DIE "KERSKAMP"**

**GROETE**

**JACKSON FAMILIE**

= = = = = = = = = = =

Baie dankie aan almal vir die lekker kamp die hele jaar. Geseënde Kersfees aan almal en voorspoed vir 2012. Mag julle regtig die liefde van Jesus hierdie Kersseisoen ervaar.

Kampgroete:
Steve, Ischke & Stefani

#########

*Baie dankie vir 'n heerlike Kerskamp. Mag die vreugde en liefde van Jesus met elkeen wees in hierdie Kersgety. Groete*

*Nico, Laura, Inge, Jacques & Jayden.*

*$$$$$$$$$$$$$$$*

**Dit was 'n heerlike kamp, ons het dit vreeslik geniet! Geseënde Kersfees aan almal! Groete**

**Riaan en Ierika**

***********

**Baie dankie vir 'n heerlike naweek!**

**Alles was puik! Geseënde Kersfees & 'n baie geseënde en voorspoedige 2012.**

**Jannie & Marlene**

!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!

**Baie dankie vir julle liefde en hartlikheid. Ons kuier heerlik saam met julle. Mag Kersfees 2011 'n vredestyd met baie genade wees. Sterkte vir 2012!**
**Johan en Jakkie (Oos - Kaap)**

=============

Baie dankie vir "n lekker kerskamp. Geniet die Kerstyd en alles van die mooiste vir 2012.
Basie & Reinett

0000000

*Ons het 'n puik groep jongmense! Hulle het hul uitstekend van hul taak gekwyt. Alles was baie mooi en lekker. Mag almal 'n Geseënde Kerstyd ervaar en 'n voorspoedige 2012 vir almal. Veilig ry elkeen wat weggaan en geniet alles terdeë.*
*Liefde groete*
*Ben en Ann*

§§§§§§§§§§

ONS IS BAIE TUIS HIER TUSSEN JULLE. LEKKER KERSFEES EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR.
ELMO & SUSAN

************

**Baie dankie vir jaar se lekker saamkamp!**

**Geseënde Kersfees & Voorspoed vir 2012.**
**Liefde**
**Marcel & Anneke**

%%%%%%%%%

**WEEREENS 'N HEERLIKE NAWEEK. ONS JONGER LEDE HET BEWYS DAT HULLE GLAD NIE AGTERUIT HOEF TE STAAN VIR DIE OUER GARDE NIE. DIE "SAAL" BOEKEVAT, KOS EN SAMEWERKING WAS UITSTEKEND.**

**DUISENDE DANKIES – ONTHOU ONS WEET NOU WAARTOE JUL IN STAAT IS!**

**DANKIE OOK AAN AL ONS LEDE VIR 'N JAAR SE LEKKER SAAMKAMP.**

**'N RUSTIGE EN GESEËNDE KERSGETY VIR ALMAL. ONS HOOP 2012 SAL VIR ELKEEN VOORSPOEDIG EN BESONDERS WEES.**

**SAWA GROETE**
**KOBUS EN BRENDA**

@@@@@@@@@@

## Christelle Kersboodskap

Ek kan nie glo ons staan al weer aan die einde van 2011 nie.

Omtrent 'n besige jaar wat so te sê agter die rus is.

Baie, baie dankie vir 'n heerlike kerskamp. Ek dink ons het ons goed van ons taak gekwyt. Almal se harde werk word regtig waardeer en ons het lekker as 'n "jongspan" saamgewerk.

Ons as Deyzel gesin wens elke Strelitzia lid, asook die res van die Sawanante 'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2012 toe. Die wat die langpad gaan aandurf, reis veilig en geniet elke oomblik daarvan. Ons sien mekaar weer in Januarie met ons volgende kamp.


Kersgroete
Martin, Christelle en kids

**&&&&&&&**



## FOTO'S

## HOMESTEAD, ADDO – JULIE 2011




Simon en Ina ontvang 140 streek




Denzil en Fransie ontvang 240 streek



Heerlike ontbyt by Lenmore




'n Mooi ma en dogter oomblik

## AJV, VAN STADENS - AUGUSTUS 2011



Man van die jaar – Chris de Wet



Vrou van die jaar – Marlene Barnard



Gesin van die jaar – Moore gesin

## GAMTOOS FERRY – SEPTEMBER 2011



Lede bak pannekoek



Pannekoekbestellings word afgelewer


Steve en Ischke – 10 Streek


Marcel en Anneke – 10 Streek


Die Du Plooys – 20 Streek



Jan en Marlene Barnard – 30 Streek




Nico en Laura – 20 Streek




Kobus en Brenda – 200 Algemeen




Nuwe "OEPS" bussie word geskenk deur Chris en Maxie de Wet

## MINI-GEBIED VAN STADENS – OKTOBER 2011



Almal hard aan die werk





Die manne ook hard aan die werk




TV wenner – Zane Geldenhuys

## Kongres Oktober 2011



Kobus en Brenda word hartlik ontvang



Strelitzia ontvang grootste % groei trofee


Die wiel lê agter op die bed



Ben en Ann ontvang Nasionale Meriete



Lawwe oomblikke



Denzil en Fransie ontvang Nasionale Meriete, 25 jaar lid


Jan en Marlene ontvang Streek Meriete toekenning

## Algemeen



Denzil en Fransie se karavaan na die wiel daardeur is



Bertie en Marie ontvang 'n toekenning wat nie by die AJV uitgegee is nie